AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Administrateur:*
# BIBLIOTEEK

PAARL

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 ’n voltydse pos vir ’n administrateur: Biblioteek op die Paarl-kampus beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

Die doel van die administrateur: Biblioteek is om alle aspekte van Akademia se biblioteek op die Paarl-kampus te bestuur volgens die beste praktyk en standaarde. ’n Administrateur: Biblioteek se verantwoordelikhede sluit in die bied van ondersteuning aan die departemente binne die akademiese omgewing, die organisering en verspreiding van die biblioteek se bronne, asook die gehalteversekering van die biblioteek se bronne en dienste aan alle verbruikers.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Biblioteekkoördinering
- Biblioteekadministrasie en -instandhouding
- Toonbankdiens
- Opleiding aan personeel en studente in die gebruik van die biblioteekhulpbronne
- Katalogisering van hardekopie- sowel as elektroniese bronne
- Rekordhouding, sortering en instandhouding van boeke
- Bystaan met die biblioteek se bemarkingsgeleenthede en die boekklub

## POSVEREISTES

- ’n Tersiêre kwalifikasie in Biblioteek- en Inligtingkunde of ’n Nasionale Senior Sertifikaat en drie jaar ervaring in katalogisering of ’n Nasionale Senior Sertifikaat en ’n Nagraadse Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde
- Een tot twee jaar se katalogiseringservaring in MARC21, WorldShare (OCLC), DDC en RDA
- Ervaring in die hoëronderwysomgewing

## VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasie in Afrikaans
- Interpersoonlike
- Prioritisering en tydsbestuur
- Funksioneer onafhanklik en in ’n spanverband
- Moet inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe wees
- Moet onder druk werk kan voltooi
- Moet ’n liefde vir Afrikaans hê
- ’n Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 25 September 2025 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.